basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans Tweede Addisionele Taal

Graad 11

Onderwysersgids vir Lesse vir leerders

Tweede Kwartaal

2013

Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie onderwysersgids verleen.

Marlene Venter, Albert du Plooy, Dawid Last
Gauteng Departement van Onderwys

Departement van Basiese Onderwys

Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

© 2013 Departement van Basiese Onderwys

***

Inhoudsopgawe

	Bladsy
Hoofstuk 6: Sport, Sporter, Sportste!!!	**3**
Hoofstuk 7: Finansies	**6**
Hoofstuk 8: Rolmodelle	**11**
Hoofstuk 9: Toerisme	**16**

HOOFSTUK 6: SPORT, SPORTER, SPORTSTE!!!

Week 11 en 12

Luister en praat

Klasgesprek

Die titel van die hoofstuk dui ’n vorm van trappe van vergelyking aan, maar dit is verkeerd gebruik. Sport is ’n selfstandige naamwoord en het nie trappe van vergelyking nie. Byvoeglike naamwoorde het trappe van vergelyking, maar die titel kan daarop wys dat ons Suid-Afrikaners baie van sport hou. Ons is eintlik ’n sportmal nasie.

Die illustrasies is:
netbal, (dames)sokker, langafstand hardloop (marathonwedloop)
rugby, liggaamsbou (*body building*), atletiek/hekkieswedlope (*hurdles*) en tennis.

Leerders moet kans kry om oor die illustrasies of sport in die algemeen te praat.

Praat: gesels informeel
Hersien die leidrade vir rigting-/ roete-aanwysings soos in die leerderboek. Leerders moet hierdie leidrade gebruik in die voorbereiding van hulle informele praatjie. Dit is belangrik dat leerders die mondeling aktiwiteit, skriftelik voorberei en geleentheid kry om foute reg te stel.
Assessering is nie nodig nie, want dit is informeel.

Oefening 1
Leerders moet die instruksies volg:
- gebruik 4 bakens, 3 straatname en 3 padtekens in hulle aanwysings.
- begin met die korrekte werkwoord
- die aanbieding moet puntsgewys wees.

Lees en kyk
Die teks handel oor krieket. Gaan die woordeskat (Engels en Afrikaans) met die leerders deur. Die teks is ’n prosedureteks:
die sinne begin met werkwoorde.
die sinne is puntsgewys.
Laat leerders die werkwoorde omkring terwyl dit voorgelees word.

Oefening 2
1.1 tou
1.2 skeidsregter
1.3 twee kante
1.4 keer
1.5 muntstuk
1.6 uitgevang
1.7 vennootskap
1.8 boulbeurt
1.9 lopies
1.10 na
2.1 Onwaar, die kaptein kan kies of hulle gaan kolf of boul.
2.2 Waar, elke lid van die span kan ’n kolfbeurt kry.
2.3 Waar, die snelbouler kan tot 135km/h boul, en mens mag net 60km/h in die dorp ry.
2.4 Waar, as die bal na die tou eers die grond raak, kry hy ses lopies.

3. ’n Kolwer is uit as hy deur ’n veldwerker uitgevang word en as die bouler sy paaltjie raak boul.
4. Ja/Nee eie opinie
5.

- Jy moet seker maak jy het ’n groot oop stuk grond.
- Jy moet van jou vriende bymekaar kry.
- Jy moet die kolfblad uitmerk.
- Jy moet die paaltjies aan altwee kante van die kolfblad plant.
- Jy moet ’n muntstuk in die lug gooi.
- Jy moet die veldwerkers van die span wat gaan boul in die veld stuur om veldwerk te doen (om die bal te keer)
- Jy moet die eerste twee kolwers na die kolfblad stuur (om te gaan kolf).
- Jy moet ’n bouler aanwys.
- Jy moet die bal sover as moontlik slaan.
- Jy moet soveel as moontlik lopies aanteken.

Skryf en aanbied

Leerders berei ’n kort transaksionele teks van 50-80 woorde (tien sinne) voor.
Moedig die leerders aan om die skryfproses duidelik te volg.
Die spesifieke tekskenmerke moet gevolg word:

- begin met ’n werkwoord of Jy moet….
- skryf sinne puntsgewys en chronologies neer.
- geen eiename nie

Oefening 3
(Gebruik soortgelyke tekste in hierdie hoofstuk as voorbeeld)

Leerders kan instruksies om ’n sokkerwedstryd te reël, skryf. OF
Leerders kan rigtingaanwysings skryf.

Taal in konteks

Oefening 4

4.1 4
4.2 “ ta” (die lettergreep vóór die ,(komma) word beklemtoon)
4.3 kommentators of kommentatore
4.4 krieketkommentator
4.5 kommentatortjie

Oefening 5

5.1 veld-wer-kers
5.2 kap-tein
5.3 kol-wers, suk-kel, tei-ken
5.4 paal-tjies
5.5 krie-ket-veld, deur-snee

Oefening 6

6.1 twee en twintig of twee-en-twintig
6.2 driehonderdste of drie honderdste
6.3 dertigste
6.4 dertien

Oefening 7

7.1 Woensdag
7.2 Donderdag
7.3 Desember
7.4 Junie en Julie

Oefening 8

8.1	Die veldwerker moet die bal vang.	OF	Vang die bal!
8.2	Die kolwer moet ’n ses slaan.	OF	Slaan ’n ses!
8.3	Die toeskouers moet die volkslied sing.	OF	Sing die volkslied!
8.4	Die skeidsregter moet die kolwer uit wys.	OF	Uit!

Oefening 9

9.1 gevolglik/ daarom
9.2 dus
9.3 omdat
9.4 aangesien

Oefening 10

10.1 Eerstens
10.2 Dan
10.3 Daarna
10.4 Volgende
10.5 Dan
10.6 Nadat
10.7 Voordat
10.8 Laastens

Oefening 11

11.1 op
11.2 op/teen/voor
11.3 na
11.4 in/deur/uit
11.5 oor
11.6 teen/met
11.7 voor/teen
11.8 van
11.9 oor/teen/na
11.10 met/teen/op

HOOFSTUK 7: FINANSIES

Luister en praat

Praat: Klasbespreking

Pond

Dollar

Rand

Yen (Japan)

Euro

Oefening 1

KOLOM A		KOLOM B	
1.	Switserland	**G**	Switserse Frank
2.	Sjina / China	**I**	Yuan
3.	Kroasië	**F**	Kuna
4.	Israel	**H**	Sikkel
5.	Rusland	**K**	Roebel
6.	Hongarye	**J**	Forint
7.	Botswana	**A**	Pula
8.	Argentinië	**B**	Peso
9.	Denemarke	**E**	Kroon
10.	Lesotho	**C**	Maloti
11.	Mauritius	**D**	Roepee

1. In Switserland kan jy net met Switserse Frank koop.
2. Vyf.
3. Renoster (Witrenoster), olifant, leeu, buffel en luiperd.

   R10: Renoster.

   R20: Olifant.

   R50: Leeu.

   R100: Buffel.

   R200: Luiperd.
4. Drie.
5. R1: Springbok.

   R2: Koedoe.

   R5: Swartwildebees.

Oefening 2: Formele assesseringstaak: <u>Assesseringstaak 5</u>: Voorbereide toespraak

(Lengte: 1 – 2 minute) Gebruik die korrekte rubriek vir voorbereide toesprake om die leerders se toesprake te assesseer. Leerders kies een van die volgende onderwerpe:

Geen mens kan sonder geld 'n bestaan maak nie. OF

Geld kan nie geluk koop nie.

Dit is 'n voorbereide toespraak, daarom moet leerders gehelp word om …

- 'n toespraak te beplan.
- konvensies van 'n toespraak te begryp: spreek die hoorders aan, gebruik eerste persoon (ek, jy, u…), wees beleefd.
- die voorgeskrewe tydsduur na te kom.
- nie van die onderwerp af te wyk nie.
- gidskaartjies korrek te gebruik, bv.:

Goeie dag, maats. Ek wil julle graag meer oor die waarde van geld vertel.

- die gehoor in die oë te kyk.
- ontspanne en kalm te wees.
- aan liggaamsbeweging aandag te gee wanneer gepraat word.

Lees en kyk

Hoe goed verstaan leerders 'n teks wat hul lees?

Pre-lees

Moontlike antwoorde:

- Hulle koop te veel op skuld en kan dan nie die skuld afbetaal nie.
- Ja. Anders kan jy niks koop nie.
- Ja. Jy moet spaarsamig met geld werk en nie goed koop wat jy nie nodig het nie.
- Mense wil al hoe meer geld hê. / Daar is baie skelm mense / Daar is baie oneerlike mense.
- Outomatiese tellermasjien.
- Jy kan vinnig en gerieflik geld onttrek, oorplasings doen en jou saldo bekom/kry sonder om dit binne 'n bank te doen.

Terwyl jy lees

1. Alles oor Suid-Afrika.
2. Leerlinge gee hulle eie menings. Hulle moet motiveer waarom hulle van die leesstuk hou / nie hou nie.

Oefening 3: Post-lees

1. ’n Klein muntstukkie wat drie pennies werd was.
2. Onwaar, mense het verskillende redes oor waar ’n tiekie sy oorsprong het.
3. Dit is ’n telefoon wat in ’n openbare plek is en waar mense betaal om dit te gebruik.
4. Dit was baie min werd, so min soos ’n ou stuk lap.
5. Valentynsdag.
6. 1920, Nasionale Bank van Suid Afrika, die Standard Bank en die Nederlandse Bank.
7. Kaap en Natal.
8. Ja/nee eie opinie (een bank sal die geld se waarde beskerm)
9. Inflasie – die geld se waarde verminder.
10. As die geld se waarde vermeerder.
11. Die hooftak is in Pretoria, maar Johannesburg, Bloemfontein en Pietermaritzburg het ook takke.

Skryf en aanbied

Oefening 4: Leerders skryf ’n lang transaksionele teks (80 – 100 woorde)

Onderwerp: Jy het ’n studiebeurs ontvang, jy gaan studeer om ’n dokter te word. Jy wil graag jou onderwysers en vriende bedank vir die hoërskooljare wat jy saam met hulle kon deurbring. Skryf jou bedanking in die vorm van ’n **TOESPRAAK**.

Vestig leerlinge se aandag op die volgende:

- Doen eers beplanning. Hou toespraakkonvensies in gedagte.
- Maak gebruik van die woordeskat wat vir jou gegee word.
- Skryf eers ’n konsep.
- Hersien jou werk.
- Redigeer deur te proeflees.
- Skryf net 80 – 100 woorde.
- Die bedanking word in die eerste persoon (ek) geskryf.
- Die hoof en onderwysers word as **u** aangespreek.
- Die **u** word met ’n kleinlettertjie geskryf, behalwe aan die begin van ’n sin.
- Vriende en vriendinne word as **jy**, **jou** en **julle** aangespreek.
- Skryf in die teenwoordige -, verlede- en toekomende tyd.
- Bestudeer die kriteria van die assesseringsrubriek.

Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

SINSOORTE

Oefening 5

1. Vraagsin. Vraagteken aan die einde van die sin.
2. Bevelsin. Uitroepteken aan die einde van die sin.
3. Stelsin. Geen bevel of vraag nie.
4. Uitroepsin. Dui skok, verbasing en vrees aan.

Oefening 6

1. Die beursie behoort nie aan my nie.
2. Het jy nog nooit met ’n kredietkaart betaal nie?
3. Niemand het geld aan die bedelaars gegee nie.
4. Ek kon geen bank opspoor nie.
5. Moenie stadig loop nie!

Oefening 7

1. brandarm.
2. stil.
3. gee … uit? / mors?
4. afgebreek. / gesloop.
5. verkoop.

Oefening 8

1. derde.
2. eerste.
3. agtste.

Oefening 9

1. **Vyftien:** hooftelwoord.
2. **Tiende:** rangtelwoord.

Oefening 10

1. ryker.
2. invloedrykste.
3. armer.
4. beter.
5. duurste.
6. meer.
7. groter.

Oefening 11

verlede tyd.

1. Talle bankiers het geld oorsee belê.
2. Die bouers het vier nuwe banke gebou.
3. Ons bure het al hulle meubels kontant gekoop.
4. Filmsterre het baie duur betaal om in ryk woonbuurtes te woon.
5. Sy huis was modern. / Sy huis was modern gewees.
6. Die bank het nuwe kantore gehad.

toekomende tyd

1. Waar sal jy jou geld belê?
2. Die bank sal tien verdiepings hoog wees.
3. Hulle nuwe huis sal R3 000.000 kos.
4. Die arm boemelaar sal nie ’n blyplek hê nie.
5. Waar sal ek bakstene vir my nuwe huis kan bestel?

Oefening 12

1. finansiële
2. kitsbank
3. vensters
4. parkade.
5. goedkoop

Oefening 13

1. Belasting op toegevoegde waarde
2. Suid-Afrikaanse Inkomste Diens
3. Belastingbetalersvereniging

Oefening 14

- Die sakevrou elke maand trek ’n groot som geld by die bank.
- Die sakevrou trek elke maand ’n groot som geld by die bank.

1. Daar is baie banke in die stad waar ons geld kan belê.
2. Nadat my grootouers die rekening betaal het, drink hulle koffie in die kafee.
3. Kos die klere R300?

HOOFSTUK 8: ROLMODELLE

Week 15 en 16

Luister en praat
Rolmodelle

Lees die volgende onderhoud aan die leerders:

Jonathan McEvoy se onderhoud met Oscar Pistorius op 14 Februarie 2013.

Jonathan	:	Party mense sê dat jou Cheetah lemme jou 'n voordeel gee bo atlete wat nie amputasies het nie.
Oscar	:	Dit sal die laaste onderhoud wees wat ek ooit sal doen oor hierdie onderwerp.
Jonathan	:	Na toetse vier jaar gelede gedoen was, het atletiek se beheerliggaam, saamgestem en jou verbied om aan kompetisies deel te neem.
Oscar	:	Ja, maar toe het ek appél aangeteken en gewen. Ek kon aan die Olimpiese Spele in Beijing deelneem.
Jonathan	:	Maar Pieter Weyand wat toetse gedoen het, het gesê die lemme gee jou ’n twaalf sekonde voordeel.
Oscar	:	Pieter het eintlik toetse gedoen het om my te help. Hy moes nie ’n getal genoem het nie.
Jonathan	:	Ross Tucker van die Sportwetenskap afdeling van die Universiteit van Kaapstad sê die hof van arbitrasie was ’n grap en dat die wetenskap jou gehelp het?
Oscar	:	Ek wil nie oor Tucker praat nie. Hy het nie sy eie toetse gedoen en gepubliseer sodat sy kollegas sy bevindinge kon ondersoek nie.
Jonathan	:	Baie dankie vir die onderhoud, Oscar en sterkte met jou atletiekloopbaan.
Oscar	:	Dit is my plesier.

Oscar Pistorius
Oefening 1: Luisterbegrip

1. Omdat ‘n Cheetah (jagluiperd) vinnig is.
2. Redes waarom die stellings ONWAAR is:
   a. Die lemme waarmee Oscar gehardloop het, het hom **vinniger** gemaak as atlete wat nog al hulle ledemate het.
   b. Oscar gaan **nie meer** onderhoude toestaan oor die lemme wat hom so bevoordeel **nie**.
   c. Daar was **4** jaar tevore toetse op die lemme gedoen.
   d. Oscar was toegelaat om aan die spele in **Beijing** deel te neem.
   e. Pieter Weyand het bevind die lemme gee Oscar ‘n **12** sekonde voordeel.
   f. Pieter Weyand het toetse gedoen om **Oscar Pistorius** te help.
   g. Ross Tucker het **nog nie** toetse gedoen op die lemme wat Oscar gebruik **nie**.
3. Hy word daarvan beskuldig dat hy sy meisie Reeva Steenkamp vermoor het.
4. EIE OPINIE oor of die leerder dink dat Oscar ‘n rolmodel is of nie met ‘n rede.

Lees en kyk

Oefening 2: Spotprente en strokiesprente

Die leerders bespreek die volgende vrae in ’n groep. Hulle moet hulle antwoorde aan die klas gee.
Antwoorde spotprent

1. ESKOM.
2. Hy skakel ’n lig aan.
3. Hy is verbaas omdat die krag af is/ daar nie elektrisiteit is nie.
4. ESKOM.
5. Dit is donker en iemand moet ’n lig aanskakel.
6. Ja. Dit sê dat ESKOM weet hulle veroorsaak kragonderbrekings en daarom gee hulle kerse vir lig.
7. Die leerders se eie mening.
8. Eie mening

Antwoorde strokiesprent

1. In ‘n swembad.
2. Die wind het dit weggewaai.
3. Rooi en blou.
4. Iemand anders het dit dalk opgetel. / Die wind het dit ver weggewaai.
5. Sy het gesê die bal is so groot soos sy kop.
6. ‘n Spotprent bestaan uit een paneel wat ’n toneel vertoon terwyl ‘n strokiesprent ‘n reeks panele het wat verskeie tonele aanbied.

Lees en kyk
Oefening 3

1. Klein plasie
2. Perskes
3. Draadengeltjies, sterrekoekies, gebakte gemmerbroodmannetjies
4. Sy het nie kersgeskenke gehad nie.
5. Sy het haar geleer om perskes in te lê. (to make canned fruit)
6. Perskes afgeskil, stroop gekook, botteltjies gewas, perskes gekook, in botteltjies gepak en verseël
7. Leerder se eie mening. (’n mens hoef nie baie geld te hê om vir iemand ’n geskenkie te gee nie.)
8.

Karaktertrekke van meisie	Karaktertrekke van ouma
• Lief vir ouma • Meisie het nie inisiatief nie. • Meisie word maklik moedeloos • Meisie leer tog by ouma	• Fluks • Werk met haar hande • Leer ander mense dinge • Lief vir mense • Lief vir kleindogter

9. Leerder se eie inisiatief
10. Leerder se eie mening
11. Leerder se eie mening

Skryf en aanbied

Oefening 4: Leerders skryf ’n advertensie

Leerders skryf ’n **advertensie** van 50 tot 80 woorde waarin hul die konsert van Justin Bieber adverteer.

In ’n advertensie adverteer mense dinge wat hulle maak en wil verkoop. Die adverteerders probeer baie hard om hulle produkte te verkoop. Die advertensie moet so goed wees dat mense dit graag wil koop.

Voordat leerders ’n advertensie skryf, moet hul die volgende onthou:

- ’n Advertensie moet so goed wees dat die mense die produkte graag wil koop.
- Dit word vir ’n spesifieke groep mense, soos tieners, gemaak.
- Die mense moet baie graag die produk wil koop.
- Die advertensie is baie goed as dit eenvoudig (*simple*) is.
- Dit moet onmiddellik die mense se aandag (*attention*) trek.
- Moenie te veel woorde gebruik nie.
- Die mense moet die advertensie maklik verstaan.
- Lettergrootte, lettertipes en uitleg is belangrik.
- Dit moet al die inligting (*information*) oor die produk gee.
- ’n Advertensie berus op die sogenaamde ABBA-beginsel. ’n Advertensie moet ’n mens se **Aandag** trek. Die mens se **Belangstelling** (*attention) vir* die produk moet gewek word. Die advertensie moet ‘n **Begeerte** (*desire*) by die mens wek. As die advertensie in sy doel slaag, sal die mens tot **Aksie** (action) oorgaan
- Die vrae wat?, waar?,wat alles?,hoeveel? en vir wie?moet beantwoord kan word.

Leerders moet:

- die kriteria van die assesseringsrubriek bestudeer.
- die advertensie beplan.
- ’n konsep skryf.
- die advertensie hersien en seker maak dat hul inligting korrek is.
- die advertensie redigeer en proeflees.
- hul finale aanbiedings skryf en inhandig.

Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

Oefening 5: Woordeboekgebruik:

Daar is verskillende soorte woordeboeke.

‘n Tweetalige woordeboek help ’n mens om ’n woord in ’n ander taal op te soek.
’n Verklarende woordeboek help ’n mens om die betekenis van ’n woord op te soek.

‘n Tweetalige woordeboek kan OOK gebruik word as ‘n verklarende woordeboek.

As jy byvoorbeeld ‘n sinoniem moet kry vir die woord “trots” en jy het nie ‘n verklarende woordeboek nie, kan jy die volgende stappe volg:

1. Soek die Engelse betekenis van die woord trots op: “*pride, boast, glory,* ens.
2. Soek dan aan die Engelse kant die woord *pride* op.
3. Daar sal jy dan sinonieme vir die woord kry: *hoogmoed, glorie, fierheid,* ens.

Dieselfde metode kan gebruik word om die antonieme van woorde op te soek; jy sal net moet weet wat die antoniem van die woord in Engels is.

Die leerders moet TWEE sinne met die homonieme skryf sodat die verskil in betekenis duidelik is. Hier is voorbeeldsinne:

Oefening 6

1. Hy gorrel in die eksamen. / Hy gorrel mondspoelmiddel. / Sy pa gryp hom aan die gorrel.
2. Hy blaas die fluit. / Die man fluit vir die mooi meisie.
3. Sy knie is beseer. / Sy knie die deeg.
4. Die werksmanne span die draad. / Sy speel vir die eerste span netbal.
5. Ek ken nie die antwoord nie. / Sy antwoord haar pa baie vinnig.

Oefening 7

Die leerders moet ‘n verklarende of ‘n tweetalige woordeboek gebruik en ‘n sinoniem vir die woorde gee. Hulle moet dan die woorde in sinne gebruik.

1. knak – nadeel, skade, ombuig, breuk, knou.
2. beker – koppie, trofee.
3. skud – skok, bewing, rilling, trilling.
4. tevrede – bevredig, voldoen, oortuig.
5. snik– huil.

Oefening 8

Die leerders moet ‘n verklarende of ‘n tweetalige woordeboek gebruik en ‘n antoniem vir die woorde gee.

1. helder – donker, duister.
2. skouspelagtig – vervelig, stil, rustig, onbelangrik.
3. donker – lig, skynsel, verlig.
4. hardop – saggies, fluister.
5. daal– styg, verhoog, verhef.

Oefening 9: Kritiese Taalbewustheid

Sê of die volgende stellings ‘n feit of ‘n mening is.

1. Mening – Die aarde gaan oor tien jaar vergaan.
2. Feit – Die aarde is rond.
3. Feit – Cristiano Ronaldo is ‘n sokkerspeler.
4. Mening – Cristiano Ronaldo is die beste sokkerspeler ooit.
5. Mening – Dit is fantasties om bekend te wees.
6. Feit – Rolmodelle behoort voorbeeldige lewens te leef.
7. Mening – Alle kinders misbruik die opvoedkundige geleenthede wat hulle kry.
8. Feit – Opvoeding is belangrik vir ‘n suksesvolle toekoms.

Oefening 10: Sinsbou

Leerders maak eie sinne n.a.v. eie opdrag.

Deelwoorde

Oefening 11

Die leerlinge moet die teenwoordige deelwoord van die woorde skryf:

1. gapende
2. beskrywende
3. blosende
4. vlugtende
5. voorbereide
6. huilende
7. groeiende
8. ontkennende
9. verhalende

Oefening 12

Die leerlinge moet die swak verlede deelwoord van die woorde skryf:

1. verkoopte
2. bespreekte
3. bewaarde
4. behandelde
5. voltooide
6. vertaalde
7. mishandelde

Oefening 13

Die leerlinge moet die sinne herskryf en die korrekte vorm van die woorde in hakies gee:

1. Die (**lopende**) water stort in die (**vloeiende**) rivier.
2. Die (**getroude**) paartjie het ‘n (**gekoopte**) huis.
3. Die man het ‘n (**ryke**) verbeelding..
4. Die (**pratende**) leerders wil nie na die onderwyser luister nie.

Oefening 14: Lydende en Bedrywende Vorm

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm:

1. Kaartjies word deur hom gekoop.
2. Die vertoning is deur ons bygewoon.
3. Haar rolmodel sal deur die meisie ontmoet word.
4. Deur wie word alles van ‘n rolmodel geglo.
5. Daar word vinnig deur die seun gehardloop
6. Waarom word daar van popsterre deur jongmense gehou.
7. Haar held word elke dag deur haar gesien.
8. Die kaartjies is gou-gou deur hulle gekoop.
9. Die trein word deur ons na die konsert toe geneem.
10. Die programme word elke aand deur hulle by die konsert verkoop.

HOOFSTUK 9: TOERISME

Week 17 en 18

Luister en praat

Klasgesprek
Praat en gesels met die leerlinge oor die Gautrein.

- Die Gautrein is in Junie 2010 tussen OR Tambo Internasionale Lughawe en die Sandtonstasie in gebruik geneem.
- Die kleure van die trein is goud, blou en liggrys.
- Al die waens se vensters is getint. (*Tinted windows*)
- Baie vinnige trein. Die trein ry teen 160 km per uur.
- Daar is drie hoofstasies: OR Tambo Internasionale Lughawe, Pretoria en Johannesburg.
- Die **sewe** ander stasies is:
    1. Rosebank
    2. Sandton
    3. Marlboro
    4. Midrand
    5. Centurion
    6. Hatfield
    7. Rhodesfield (Kempton Park)
- Wanneer passasiers by die stasies uitklim, is daar busse om hulle verder te vervoer.
- Die trein is baie modern.
- Jy mag nie in die Gautrein eet, rook of drink nie.
- As die veiligheidswagte jou betrap (*catch you red-handed*), word jy beboet (*you will be fined*).

Assesseer die oefeninge aan die hand van die volgende:

LYS VAN DIE EIENSKAPPE/ KENMERKE VAN DIE GAUTREIN

- Vinnig
- Skuifdeure
- Betroubaar

Elektroniese kennisgewings

- Stil
- Modern
- Volvloermatte
- Lugreëling
- Bagasierakke
- Getinte vensters
- Veilig

Beantwoord die volgende vrae in die klas:

1. Om die verkeer op die snelweg tussen Pretoria en Johannesburg te verlig, en om vanaf Pretoria en Johannesburg na die OR Tambo Internasionale Lughawe te reis.
2. Goud, blou en liggrys
3. 160 km per uur
4. OR Tambo Internasionale Lughawe
   Pretoria
   Johannesburg
5. Sewe
6. Rosebank
   Sandton
   Marlboro

Midrand
Centurion
Hatfield
Rhodesfield (Kempton Park)

7. Ja/ Nee (Eie antwoorde.)

Oefening 1

Informele assesseringstaak: Gesprekvoering

Onderwerp: Baie meer mense in ons land moet van treinvervoer gebruik maak.

Dit is 'n informele gesprekvoering, daarom moet die leerders…

- spontaan aan die gesprek deelneem.
- hulle mening kan lug.
- saamstem met ander leerlinge.
- van ander kan verskil.
- woorde kies wat by die gesprek pas.(Bespreek die woorde in die tabel.)

Woordeskat	
Afrikaans	**Engels**
Dut/ slaap	*Take a nap*
Geniet die rit	*Enjoy the trip*
Gerieflik	*Comfortable*
Gesellig	*Sociable*
Hoe motoriste ry	*How motorists drive*
Kyk na geboue	*Look at buildings*
Lees koerante, tydskrifte	*Reading newspapers, magazines*
Minder verkeer op die paaie	*Less traffic on the roads*
Motorongelukke	*Car accidents*
Nuwe vriende	*New friends*
Ontmoet	*Meet*
Ontspanne	*Relax*
Pendelaars	*Commuters*
Verkeer	*Traffic*
Verkeersknope	*Traffic jams*
Nie moeg nie	*Not tired*
Betyds	*On time*

Lees en kyk

Leerders bespreek die volgende vrae in groepe:

- Wat is 'n erfenisterrein?
- Moet ons respek vir erfenisterreine hê?
- Watter kosse eet jy volgens jou kultuur?
- Het die volk/kultuur waaraan jy behoort volksdanse of enige danse wat julle saam doen?

- 'n Erfenisterrein is 'n bewaringsgebied.
- **Ja** Ons bewaar dit vir die nageslag en dit is interessant om te besoek.
  Nee Dit kos te veel geld.
- Laat leerlinge vertel wat hulle graag in hulle kultuur eet.
- Laat leerlinge vertel van hulle kultuur se volksdanse?

Gaan die betekenis van woorde in die blok saam met die leerlinge deur.

- **Geskiedkundige** beteken wat tot die geskiedenis behoort.
- **Bewonder** is wanneer iets vir jou baie mooi is.
- **Rotskuns** is tekeninge of sketse wat op rotse uitgekrap is.
- 'n **Grot** (*cave*) is 'n opening in rotse waarin mense gebly het of diere skuil (*hide*).
- **Skilder** beteken om te teken.
- **v.C.**: Voor Christus.
- **Rubberstewels** is stewels of skoene wat uit rubber gemaak is.
- 'n **Gereg** is 'n kossoort wat jy eet.
- **Geurige** beteken dit smaak en ruik lekker.
- **Erfenis** is iets wat jy erf of wat aan die land behoort.
- 'n **Woud** is 'n gebied waarin daar baie bome groei.
- 'n **Gemeenskap** (*society*) is 'n groep mense bymekaar.
- **Esteties** beteken baie mooi.

Terwyl jy lees

1. Via Afrika Toerisme Graad 10 Leerderboek.
2. Ja / Nee. (Eie antwoorde.)
3. Ja / Nee. (Eie antwoorde.)
4. Ja / Nee. (Eie antwoorde.)

Post-lees
Oefening 2

Teks 1

1. Kultuur verwys na waardes, menings en gebruike van 'n spesifieke groep mense.

2.1 Onwaar

2.2 Kuns en handwerk is ook kultuur./ Kuns en handwerk weerspieël die tradisies en kultuur van 'n bepaalde groep mense.

3. Rotskuns
4. 8 200 jaar voor Christus./ 8 200 jaar voor Christus se geboorte.
5. In kunsgalerye.
6. 'n Tradisionele Zulu-dans waar die dansers een voet bo hulle kop lig en dan weer hard op die grond stamp.
7. Hulle koormusiek
8. Geurige maalvleis met 'n eier-bolaag wat gebak word.
9. Ons praat meer oor 'n erfenisgebied./ Ons skenk meer aandag aan 'n erfenisgebied./ Ons bespreek die erfenisgebied.
10. Dit is baie mooi./ Dit is natuurlik en nie deur mense gebou nie.

11. n Gebou of park of terrein moet van wetenskaplikes, estetiese of opvoedkundige betekenis vir die gemeenskap wees.

Bespreking: Inhoud van die liedjie

- Chris Cameleon sing die liedjie 'Reis' wat oor die reise wat mense in die wêreld kan onderneem, handel.
  Daardie reise verbreed mense se leefwêreld.
- Acapulco, Amsterdam, Londen en Berlyn, Phoenix, Brussels, Delhi, Moskou, Machu Picchu San Francisco, Shangai en Timbuktu.
- Noord-Amerika: Phoenix, San Francisco, Suid-Amerika: Machu Picchu (antieke stad van die Inkas, bo-op 'n berg geleë)
  Europa: Londen, Amsterdam, Brussels, Berlyn
  Asië: Moskou, Delhi, Sjanghai
  Afrika: Timbuktu

Oefening 3

Post-lees
Teks 2

1. 'n Luilak is 'n persoon wat baie lui is. (Hy/ sy wil net heeldag sit)
2. Hy loop net van die sitkamer (rusbank) na die kombuis.
3. TV-kyk (sateliet-tv) en speletjies speel op die *playstation*
4. 'n Reisiger kan die natuur en wilde diere van die wêreld sien.
5. Dit is 'n persoon wat nooit êrens heen gaan nie, hy bly net by die huis.
6. Hy sal nie al die kontinente en dorpe/stede (strofe 2) sien en beleef nie.
7. Eie antwoord.

Skryf en aanbied

Kort transaksionele teks: Dagboekinskrywing

Oefening 4: Kort transaksionele teks: Dagboekinskrywing

Opdrag: Leerders skryf 'n dagboekinskrywing van 50 tot 80 woorde oor 'n onvergeetlike ervaring tydens hul vakansie. Hul vertel wat hul gesien het en hoe hul gevoel het oor al die dinge wat hul ervaar het.

OF

Hulle skryf 'n **vriendskaplike brief** aan 'n vriend/ vriendin van 80 tot 100 woorde waarin hul vertel van 'n gereg(kos) van 'n ander kultuur wat hul vir die eerste keer geëet het.

Voordat die leerders die dagboek skryf, moet die onderwyser die volgende kenmerke bespreek:
Dagboekinskrywings is aantekeninge in 'n dagboek van dinge wat gebeur het, of van ervarings wat opgedoen is, of van gevoelens wat ervaar is, wat mens nie wil vergeet nie.
Skenk aandag aan die skryfproses:

- ✓ Beplanning
- ✓ Konsep
- ✓ Hersiening, redigering, proeflees en hersiening.

Wenke:

- Skryf altyd in die eerste persoon. (Begin met: Ek… / Ons…)

- Skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd plaasgevind het.
- Gebruik woorde soos “vandag, gister en môre.”
- Gevoelens wat nou ondervind word, kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Noem familie en vriende op die naam.
- Die dag en datum word boaan geskryf.
- Dagboekinskrywings word soos ’n opstel in paragrawe geskryf.

Die vriendskaplike brief

Hersien die formaat van die vriendskaplike brief.

Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

Oefening 5: Voorsetsels

1. aan
2. op
3. oor
4. tussen
5. volgens
6. om
7. sonder/ oor
8. van
9. teen
10. per

Oefening 6: Betreklike voornaamwoorde

1. waarmee
2. waarop
3. waarin
4. waarsonder
5. waaruit
6. daaroor
7. waarteen
8. waarby
9. daardeur
10. daarvan

Oefening 7: Sinonieme

1. eienskappe
2. veiligheid
3. ontwerp
4. aankoms
5. stilgehou
6. gesels
7. dom
8. vriendelike
9. motorhuis
10. opgewonde

Oefening 8: Meervoude

1. vlotte
2. hutte
3. kleipotte
4. stowe
5. vlieë
6. waens

7. beddens
8. skepe
9. eetgoed
10. a's

Oefening 9: Vraende voornaamwoorde

1. Hoe…?
2. Waarin…?
3. Wie…?
4. Waarheen…? / Waarom…?
5. Waarom…?
6. Wanneer…?

Oefening 10: Klankverskynsels (ontronding)

- 'n Geronde klank wat plat uitgespreek word. (*nies* i.p.v. nuus & *gebryke* i.p.v. gebruike)

1. nuus
2. gebruike

Oefening 11: Trappe van vergelyking

1. meeste
2. hoër
3. kwater
4. kwaaier
5. breër
6. minder
7. meer tevrede
8. lafste

Oefening 12: Tye

Verlede tyd

1. Talle passasiers het op die lughawevloer gelê en slaap.
2. Sy wou baie graag saamgaan./ Sy wou baie graag saamgegaan het.
3. Die onderwyser het die leerling gelukgewens met sy oorsese beurs.
4. Danny het die lig afgeskakel.
5. Ons het probeer om die wiel om te ruil.

Toekomende tyd

1. Julle sal opgewonde oor die toer wees.
2. Die leeus sal in die leeupark brul.
3. Ons toer na Kenia sal R14 000 kos.
4. Die olifante sal boomblare eet.
5. Waar sal ek vir die toer kan bespreek?

Oefening 13: Spelling

1. ontspanning
2. bestemming/ bereik
3. reis/oorsee.
4. glasstukke/ oral
5. treinkaartjies
6. selfone
7. springbokke
8. luiperd
9. platforms
10. rommel

Oefening 14: Voegwoorde

1. Passasiers moet kaartjies koop voordat hulle in die trein klim.
2. Daar gaan nie baie toeriste na Europa nie, omdat dit te duur is.
3. Mense in Suid-Afrika moet meer trein ry, want dit is goedkoper.
4. Ek wil baie graag Parys besoek en ek wil ook graag Moskou toe gaan.
5. Ek was baie moeg, toe ek van Amerika af teruggekom het.

Oefening 15: Voegwoorde

1. As jy Moskou toe wil gaan, moet jy daarheen vlieg.
2. Al is jy vir Suid-Afrika lief, sal jy ‘n oorsese vakansie geniet.
3. Terwyl die trein vinnig ry, kan jy die landskap deur die venster bekyk.
4. Indien jy Amerika wil besoek, moet jy ‘n geldige paspoort hê.
5. Alhoewel alles in Amerika groot is, bly Suid-Afrika die mooiste land.

Oefening 16: Voegwoorde

1. Ek wil graag sowel Londen as Madrid besoek.
2. ‘n Toeris moet sowel kontant as reisigertjeks op ‘n oorsese toer saamneem.